# MIDBRAKBELASTINGBETALERSVERENIGING

**NOTULE VAN DIE BELASTINGBETALERSVERENIGING SE UITVOERENDE KOMITEEVERGADERING NR 3/2023, GEHOU OP WOENSDAG 5 APRIL 2023 OM 18:00 IN GLENIQUA SE KANTOOR.**

**KORUM TEENWOORDIG.**

**1. VERWELKOMING** : VOORSITTER HEET ALMAL TEENWOORDIG WELKOM. SPESIALE WOORD VAN WELKOM AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER DIRK KOTZE EN MUNISIPALE BESTUURDER COLIN PUREN.

**2. OPENING:** GREG MITCHELL OPEN DIE VERGADERING MET GEBED.

**3. KONSTITUERING**
**VERSKONING ONTVANG : 1) JOHAN SPIES**
**2) HANS MEIRING**
**3) ANNATJIE JV RENSBURG**

**4. BEDANKING.**
DANKIE AAN DIRK KOTZE EN COLIN PUREN DAT HULLE HIERDIE VERGADERING KAN BYWOON.

**5. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN 1 MAART 2023.** ERIC MARAIS STEL VOOR. RENE BONGERS SEKONDEER.

**SAKE BESPREEK:**

**6. SAKE UIT NOTULE VIR BESPREKING:**

**6.1. JONKERSBERG LN 3** (BESPREEK TESAME MET PUNT 6.8)

**6.2. STORMWATER – OPVOLG – CECIL**: HY KON NOG NOOIT 'N VOLLEDIGE STORMWATER NETWERK PLAN KRY NIE. HET VOORHEEN WEERSTAND TEEN DIE VERSOEK GEKRY. SAL WEER 'N VERSOEK RIG EN VOLGENDE MAAND BESPREEK. GEORGE VRA OF DAAR SO 'N PLAN BESTAAN? ONS SAL GRAAG INSAE WIL HÊ. HET MNR NAIDOO VERSOEK OM 'N MEESTERPLAN TE VOORSIEN, INDIEN BESKIKBAAR. DIE DOEL IS VIR VOORUITBEPLANNING.

**6.3. VERGADERINGSDATUMS MET DIREKTEUR NAIDOO** - DIE DOEL VIR DIE VERGADERING IS OM PROBLEME IN DIE AREA UIT TE WYS. DIE VERGADERING SOU OP 6 APRIL 2023 PLAASVIND MAAR DAAR WAS VERSOEK VIR ALTERNATIEWE DATUMS.

**6.4. TOEGANGSPAAIE NA STRAND – NETVERSPERRINGS KUSWEG – CECIL:** VORM DEEL VAN STORMWATER. DIT KOPPEL DUS AAN DIE VERGADERING MET MNR NAIDOO.

**6.5. EXCEL REKORD – MBBV NOTULE ITEMS / OPVOLGLYS / AKSIELYS – CECIL EN MICHELLE:** DIE AKSIELYS SAL GESIRKULEER WORD EN INSAE SAL WAARDEER WORD.

**6.6. CODE OF CONDUCT:** VOORGESTEL DEUR RÉNÉ BONGERS EN ERIC MARAIS. CODE OF CONDUCT WORD OOK DEUR DIE LEDE AANVAAR EN WORD VERSOEK DAT DIT WEER GESIRKULEER WORD.

**6.7. RIOOLAANSLUITINGS – TERGNIETHOOGTE – JOHAN:** VERWYS GRAAG NA JOHAN SPIES SE E-POS (VOORHEEN AS AANHANGSEL A AANGEHEG). **ANTON:** DIT SLUIT OOK AAN BY DIE VERSOEK VAN DIE VERGADERING MET MNR NAIDOO. DAAR IS 'N BRIEF GESIRKULEER WAT BEDOEL WAS VIR TERGNIETHOOGTE, MAAR HET ANDER PERSONE/EIENAARS OOK BEREIK. HULLE HET VIR AANSLUITINGS BETAAL. NA DIE TYD IS EGTER UITGEVIND DAT DIT NIE VAN TOEPASSING OP HULLE WAS NIE. DIT IS 'N PROBLEEM.
DAAR WORD OOK 'N VERSOEK GERIG VIR MOONTLIKE BETER TARIEWE VIR PENSIONARISSE.

**6.8. IMPALAWEG – ONGEMAGTIGDE TOEGANG (SNOEK SLOT EN ANDER):** DIT IS JAMMER DAT DIE BOUINSPEKTEUR NIE DIE VERGADERING KON BYWOON NIE. ONS SIT MET 20 JAAR OUE PROBLEME EN WONDER WAT IS DIE BOUINSPEKTEUR SE MAGTE? MET WIE MOET ONS KOMMUNIKEER? ONS WIL NET GRAAG TERUGVOER HÊ.

**ANTON:** KAREL VENTER HET TOESTEMMING GEGEE DAT IEMAND VAN DIE BOU-AFDELING OF HYSELF 'N VERGADERING KAN BYWOON. DIE VOORSTEL WORD GEMAAK DAT KAREL VENTER MOONTLIK DIE VERGADERING SAAM MET MNR NAIDOO OOK BYWOON. ANTON SAL DIE REËL VAN SODANIGE VERGADERING FASILITEER. GEORGE BEDANK ANTON BY VOORBAAT VIR SY HULP HIERIN.

**6.9. REEBOKRIF PAAIE HERSTELWERK – SWAK TOESTAND – RÉNÉ:** DAAR IS SLEGS 'N "SLURRY SEAL" GEDOEN IN WAG 'N BIETJIE EN SY BINNESTRATE. REEDS BESKADIG- LOS KLIPPIES. ROBERTSON LN IS FANTASTIES OORGEDOEN. SEESTER EN ONDERTOE IS NOG SWAKKER OORGEDOEN EN LYK SLEG. DIT IS SKAARS 3 – 4 MAANDE OUD. DIE BEKOMMERNIS WORD UITGESPREEK OF DAAR BEHOORLIKE GEHALTEBEHEER/-KONTROLE IS EN OF DAAR 'N PERSOON IS WAT HIEROP MOET AFTEKEN EN SELFS NA DIE TYD GAAN KYK NA DIE GEHALTE VAN WERK.

**6.10. PADTEKENS – CECIL TERUGVOERING:** HY ERKEN DAT HY MOET BIEG DAT HY NIE WEER SPESIFIEK HIERNA GEKYK HET NIE, MAAR WEET HUL HET WEL IN KUSWEG GEWERK. IN LE ROUX WEG IS DIT GEDOEN. PADTEKENS VERWEER EN ROES ERG. IS DAAR MOONTLIK ANDER MATERIALE WAT DIE WEERSOMSTANDIGHEDE KAN WEERSTAAN? BV. VLEKVRYE STAAL? **SOLLIE:** DAAR IS 2 TIPES "DECALS" - 'N 3 JAAR EN 'N 8 JAAR. MR PUREN SAL DIT ONDERSOEK. DIT SAL INSTANDHOUDING EN ONDERHOUDSKOSTES VERMINDER.

**6.11. MBBV WHATSAPP GROEP** – STAAN OOR.

**6.12. BESKIKBAARHEIDSFOOI – TERGNIET RIOOL** – BESPREEK ONDER PUNT 6.7

**6.13. MUNISIPALE KONTAKNOMMERS AS KRAG AF IS – MNR PUREN:** DAAR IS REEDS 'N SPOOKSTEM VIR KRAGONDERBREKINGS OM OPROEPE TE BEANTWOORD. DIE BELOOFDE "APP" IS AMPER GEREED. DIT IS DIE BESTE EEN VAN SY SOORT IN DIE LAND. HULLE IS BESIG OM DIT INTERN UIT TE ROL EN TE TOETS.

**DIRK:** DIE "APP"-GEBRUIKER KAN KIES WATTER KENNISGEWINGS HY/SY WIL ONTVANG (IN DIE WYK OF 'N SPESIFIEKE AFDELING.) DAAR IS 'N KANAAL VIR KLAGTES EN DIE "SERVICE LEVEL STANDARD" VAN DIE MUNISIPALITEIT SAL HIER OOK VAN TOEPASSING WEES. DAAR KAN OOK 'N "PIN LOCATION" BY 'N KLAGTE GEVOEG WORD EN DIE APPLIKASIE SAL OOK WYS INDIEN DAAR REEDS 'N KLAGTE OP DAARDIE "LOCATION" AANGEMELD IS. ONS WIL OOK KYK OM VERKEER DEEL TE MAAK VAN DIE APP. DAAR SAL OOK PUBLIEKE DEELNAME OP DIE APP BESKIKBAAR WEES IN DIE VORM VAN "POLES" (STEMME). DIE APPLIKASIE IS BAIE GEBRUIKERSVRIENDELIK. ANDER FUNKSIES BV. BETAAL VAN REKENINGE, SKAKELING NA ANDER AFDELINGS, ENS. SAL OOK BESKIKBAAR WEES.

DIE APP NEEM NIE BAIE SPASIE OP 'N FOON NIE, IS KOSTE-EFFEKTIEF EN GEBRUIK NIE BAIE DATA NIE!

**6.14. SPORT FASILITEITE – GEORGE:** DIE KLEINBRAK TENNISBAAN BEHOORT NIE AAN DIE MUNISIPALITEIT NIE. DIE ROLBALKLUB HET 103 LEDE, MAAR NET EEN BAAN. DIE REEBOKSAAL IS TOTAAL ONDERBENUT.

**MOONTLIKE IDEES:** PLUIMBALKLUB, JUKSKEI BAAN? GEORGE HET VIR ELIZE NEL GESKRYF. (VERWYS NA DIE BRIEF WAT REEDS AAN LEDE GEKANALISEER IS.) HIER IS WERKLIK 'N BEHOEFTE. WAAR KAN ONS BEGIN OM HIERDIE SITUASIE AAN TE SPREEK?

**DIRK:** DAAR KAN GEKYK WORD OM DIE SAAL OPTIMAAL TE BENUT. MOONTLIK "CONTAINERS" BY DIE SAAL AANBRING VIR STOORPLEK VIR VERSKEIE SPORTKLUBS. 'N VOORSTEL IS DAT DIE GEMEENSKAP TAFEL TOE MOET KOM MET VOORSTELLE EN MOONTLIK 'N FONDINSAMELING HOU. VERDER WORD VERSOEK DAT DIE MUNISIPALITEIT HIERMEE HELP.

WAT SKOLE AANBETREF IS DAAR 'N GROOT TEKORT. DAAR IS EGTER 'N TEKORT AAN NODIGE BEFONDSING. DIE MINISTER IS GLO BEREID OM HIERNA TE KYK. OP SOEK NA PRIVAAT VERNOOTSKAPPE OM VOORSTELLE NA DIE TAFEL TE BRING.

**6.15. ARGIEWE – VERGOEDING** – DIE BELASTINGBETALERSVERENIGING SAL OP 8 JANUARIE 2024 EEN HONDERD (100) JAAR OUD WEES! DAAR WORD GOEDKEURING GEGEE DAT DIE BELASTINGBETALERSVERENIGING R5000 BETAAL AAN 'N TIKSTER OM AL DIE GESKREWE ARGIEWE ELEKTRONIES TE MAAK. SKANDERING VAN DOKUMENTE WORD OOK VOORGESTEL. OORSPRONKLIKE DOKUMENTE MOET EGTER BEWAAR WORD – MOONTLIK BY EEN OF ANDER MUSEUM.

**6.16. GERAASBESOEDELING:** DAAR IS 'N SKRYWE GERIG AAN ELIZE NEL OOR BESOEDELING. GEORGE GEE OOK 'N AFSKRIF AAN MR PUREN.

**6.17. E-POS GROOTTE VERWERP:** SOMMIGE AANHANGSELS IS SOMS TE GROOT EN GAAN DAN NIE NA ALMAL DEUR NIE. DIE IMPAKSTUDIE BYVOORBEELD - SLEGS PIETER EN MICHELLE MOES KOMMENTAAR LEWER. HULLE HET DIT ONTVANG. ALMAL IS VERANTWOORDLIK VIR HUL EIE E-POSSE. DIT IS VIR GEORGE-HULLE BAIE TYDROWEND, EN BESKIK NIE OOR DIE TYD OM GROOT DOKUMENTE TE PROBEER VERKLEIN NIE. DIT WORD EGTER GENOEM DAT INDIEN LEDE SE E-POS BANDWYDTE TE KLEIN IS, GROOT DOKUMENTE WEL GEDURENDE DIE NAG AFGELEWER SAL WORD.

**6.18. MOSSEL BAY SPACIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK** – MICHELLE EN PIETER DU PLESSIS – STAAN OOR.

**6.19. PUBLIEKE VERGADERING – 14 MRT 2023** – TERUGVOER WAS BAIE POSITIEF. VOEG 'N NUWE PUNT TOT DIE VOLGENDE VERGADERING: **KRAG VAN PETRO SA.**

**6.20. STRAATLIG – AFRIT KLEINBRAK** – E-POS SAL GESTUUR WORD DEUR MICHELLE MET DIÉ VERSOEK.

**6.21. HAWELOSES IN DIE AREA:** VERWYS ASB NA DIE SKARRELHUIS EN KERKE. GEE EERDER "TOKENS" I.P.V. KOS. **DIRK:** DAAR IS VERSKEIE INISIATIEWE BV. MOSS HOPE. HULLE HET TWEE SOSIALE WERKERS WAT UITGAAN EN PROBEER HELP. VERSOEK MENSE OM EERDER DIÉ ORGANISASIES TE ONDERSTEUN AS OM VIR MENSE KOS TE GEE.

**6.22. TOESTAND EN INSTANDHOUDING VAN MUNISIPALE BATES; EN 6.23. TERREIN VAN AFGEBREEKTE VULLISHOK – KUSWEG:** DIE BEHOEFTE VIR MOLLOKS IS STEEDS DAAR.

**MNR PUREN:** WAT IS DIE BETER SLEG? DIE MOLLOKS LOK KRIMINELE ELEMENTE EN IS ONVEILIG. DIE PUBLIEK MISBRUIK HIERDIE AREAS. MOET DIE PUBLIEK MEER INLIG.

**ROBIN:** IT'S ABOUT POSITIONING. PLACES CAN BE ALLOCATED ON THE OUTSKIRTS, BUT CAN STILL BE CONVENIENT FOR RESIDENTS.

**RÉNÉ:** INSTANDHOUDING IS OOK 'N PROBLEEM. KYK BV NA ONS SAAL. DIRK ONDERNEEM OM DIT OP TE NEEM MET DIE DIREKTEUR. DAAR KOM WEL NUWE STOELE EN TAFELS. **DIRK VERSOEK OOK DAN ONS MOONTLIK 'N AREA AANWYS EN DIE MUNISIPALTITEIT LAAT WEET EN HUL SAL DIT DAN DAAR PLAAS. DIT IS OP VIR VERDERE BESPREKING.** DAAR MOET OOK GEKYK WORD NA DIE TOESTAND VAN DIE TOILETTE BY DIE STRAND – DIT LYK SLEG.

BESTAAN DAAR 'N SISTEMATIESE PLAN VIR OPKNAPPING/INSTANDHOUDING VAN MUNISIPALE EIENDOM?

**6.24: NOMMERPLAATTOEKENNING: CECIL.** HY SPREEK SY BEKOMMERNIS UIT OOR DIE PROSEDURE WAT GEVOLG WORD OOR ALLOKERING/TOEKENNING VAN GEKANSELLERDE/OU GEBRUIKTE NOMMERS. IS SISTEEM BETROUBAAR? MUNISIPALITEIT MOET TERUGVOERING GEE.

**PAAIE VERANDER – VERKEERBEHEER: CECIL.** WIE IS HIERVOOR VERANTWOORDELIK? SANRAL OF MUNISIPALITEIT? R102 IS SANRAL SE VERANTWOORDELIKHEID.

**PUBLIEKE VERVOER:** DIE VRAAG IS GEVRA OF MOSSELBAAI MUNISIPALITEIT OORWEEG OM NA PUBLIKE VERVOER TE KYK OM IN TE STEL. **BURGEMEESTER** VERDUIDELIK DAT HUL REEDS HIERNA GEKYK HET EN BY ANDER MUNISIPALITEITE GELEER HET. HIER WAG NAGMERRIE OP PLEKKE SOOS ONDER ANDERE GEORGE SOVER DIT VOLHOUBAARHEID AANBETREF. MOSSELBAAI KAN NIE SO-IETS BEKOSTIG NIE.

**6.25. BUURTWAG: FRIKKIE RHEEDER:** 2022 TEENOOR 2021 HET MISDAAD MET 21% GESTYG. DIT IS ORAL 'N GROOT PROBLEEM. DIE MEERDERHEID (75%) VAN HUISBRAKE IS A.G.V NALATIGHEID VAN EIENAARS.

**6.26. BEWAREA**: **ROBIN FICK:** HE THANK THE MUNISIPALITY FOR THE RAILWAY CLEAN-UP - LE ROUX TO HARRIS. THERE ARE VAGRANTS USING THE STATION AS A HEAD QUARTER. THE HIKING TRAIL IS TRIMMED AND THERE ARE HIKERS COMING AS FAR AS FROM GEORGE FOR HIKING.

THERE ARE PIPES IN KUS ROAD THAT ARE BROKEN/STOLEN AND BINS PLACES AT THE STAIRS BUT NOT FIXED. THESE WILL GET STOLEN. PLEASE DO A WALK-ALONG.

**6.27: "MEET AND GREET"-VERGADERING:** MNR COLIN PUREN NOEM DAT HULLE REEDS SODANIGE VERGADERING MET INWONERS VAN DANABAAI GEHAD HET. WIL IETS SOORTGELYK MET ONS MENSE REËL.

**MUNSIPALE BESTUURDER BEVESTIG DAT HULLE DEUR OOP STAAN VIR BESPREKING EN ONDERHANDELING**

**7. TOEKOMSTIGE SPREKER/S:** BOUINSPEKTEUR.

8. **FINANSIES:** BALANS IS ONGEVEER R20 500 IN BANK.

**9. VOLGENDE VERGADERING:**

**KOMITEEVERGADERING : WOENSDAG 3 MEI 2023.**